# JONGBOER VAN DIE JAAR : TOP-JONGBOER REIK NA DIE STERRE

PLAASINLIGTING

LIGGING

Adelaide, Oos-Kaap

NAAM

Whyte Bank Farm en Linton

GROOTTE

6 050 hektaar

EIENAARSKAP

Vennootskap

VERTAKKINGS

Wolskape, beeste en boerbokke

GRONDTIPE

Griffon, Oakleaf Glen Rosa, Sterkspruit

VELDTIPE

Montane-grasveld, doringveld

GEMIDDELDE REËNVAL

Tussen 600 mm en 700 mm per jaar

KORTOM

- Vennootskap verseker skaalekonomie.
- Goeie arbeidsverhoudinge bring stabiliteit in die boerdery.
- Boerbokke help om bosindringing te bekamp.

*Die beoordelaars van die Toyota Jongboer van die Jaar-kompetisie kon kwalik ’n meer geskikte kandidaat vir 2012 gekies het om die talent van jong boere in Suid-Afrika te vier. Met sy insig en passie vir boerdery is mnr. Richard Morgan van Adelaide ’n modelboer wat op uitdagings floreer en na die sterre reik.*

Hoewel hy hom voorberei het op die moontlikheid dat hy sou wen, het mnr. Richard Morgan (35) nie ’n voorbereide toespraak in sy sak gehad nie. “Toe ek die aand op die prysuitdeling in die spoggerige hotel in Pretoria sit en kyk na die voorleggings van die ander finaliste, het my hoop begin taan. Die mededinging was straf. Maar dit is ’n ongelooflike eer en ek voel geseënd. Dit was ’n spanpoging,” som Morgan sy emosies op ’n week nadat hy ’n splinternuwe Toyota-bakkie van R300 000 gewen het. Dit is die eerste keer in die bestaan van die kompetisie dat ’n veeboer met die wenprys wegstap.

Hy is van Walliese herkoms en Richard Vernon Ablort-Morgan is reeds die vyfde geslag wat op die Whyte Bank Farms in die Mankazana-vallei by Adelaide boer. Ná matriek aan die Hoër Landbouskool Winterberg by Fort Beaufort het hy ses maande by ’n KI-stasie op Queenstown praktiese ervaring opgedoen voordat hy aan die Landboukollege Cedara gaan studeer het. In sy finale jaar het hy in veekunde gespesialiseer.

Daarna is hy na Australië waar hy by die vooraanstaande Merinostoetery Haddon Rig in Nieu-Suid-Wallis gewerk het. In Nieu-Seeland het hy hom as professionele skaapskeerder gekwalifiseer voordat hy met die wisseling van die millennium heeltyds kom boer het. In 2007 is hy met Kate getroud. Hulle het vier kinders, onder wie identiese drielingdogters.

‘*Alles gaan ook nie oor geld in die lewe nie. Die verhouding met jou mense tel soms meer as die lone wat hulle ontvang.’*

Richard bestuur die vennootskap Meyer Morgan Farms (MMF). Die twee families aan wie die grond behoort, het gelyke aandeelhouding in die werkende kapitaal, vee en toerusting. Op die 6 000 hektaar bergveld en 75 hektaar besproeibare weiding waarvan 10 hektaar onder lusern vir hooiproduksie is, boer hulle met 500 Brangus-koeie, 3 000 Dohne-Merino-ooie en 300 SA Boerbokooie.

Richard onthou dat toe hy deur die plaaslike landbouvereniging genader is om vir die kompetisie in te skryf, was hy aanvanklik huiwerig.

“Die dag toe die beoordelaars hier besoek afgelê het, het dit buitendien vreeslik gereën. Ek kon hulle nie eens die hele plaas gaan wys nie en het toe maar met PowerPoint ’n oorsig van die boerdery gegee. In die drie uur dat hulle hier was, het hulle my gelukkig darem nie te veel met vrae gepeper nie,” sê hy laggend.